

LANDBOUWETENSKAPPE

Beste Graad 12 Landbouwetenskappe-leerder

Landbouwetenskappe poog om jou wetenskaplike kennis en benadering tot relevante landboukonsepte te ontwikkel. In Graad 12 word Dierestudies, Landboubestuur en Basiese Landbougenetika as hoofinhoudsonderwerpe gehanteer. Die onderstaande inhoudskontrolelys gee 'n uiteensetting van hierdie hoofinhoudsonderwerpe.

Vakvereistes

Maak seker jy het 'n handboek, werkboek, sakrekenaar, liniaal, uitveër, pen en potlood.

Inhoudskontrolelys

Hieronder 'n kontrolelys wat jy behoort te gebruik om te verseker dat al die inhoud vir Graad 12 volledig gedek is.

1. Dierestudies:

Dierevoeding

- ➔ Die Spysverteringskanaal van plaasdiere: Algemene strukture
- ➔ Vertering en absorpsie van voere in plaasdiere
- ➔ Komponente van 'n voer
- ➔ Verteerbaarheid van voere
- ➔ Biologiese waarde van voere
- ➔ Energiewaarde van voere
- ➔ Aanvullings
- ➔ Tipes voere
- ➔ Beplanning van 'n voerprogram

Diereproduksie, Bekerming en Beheer


- ➔ Verhoging van produksie
- ➔ Skuiling
- ➔ Hantering van plaasdiere
- ➔ Gedrag van plaasdiere
- ➔ Siektes (virus, bakterieë, protooë en swam)
- ➔ Inwendige en uitwendige parasiete
- ➔ Plant en swaarmetaalvergiftiging
- ➔ Die rol van die staat in dierebeskerming

Dierereproduksie

- ➔ Reproduksieorgane (manlik en vroulik)
- ➔ Sinkronisasie van bronstigheid
- ➔ Kunsmatige paring en teling
- ➔ Dragtigheid en geboorte
- ➔ Melkproduksie

2. Landboubestuur: Landboubestuur en Bemaking

- ➔ Landboubemaking
- ➔ Markewewig
- ➔ Bemakingstelsels
- ➔ Entrepreneurskap en besigheidsbeplanning



<https://bit.ly/3V7Rm37>

Produksiefaktore

- ➔ Grond en arbeid
- ➔ Kapitaal en bestuur

3. Basiese Landbougenetika:

- ➔ Monohibriede en dihibriede kruisings
- ➔ Oorerflikheid
- ➔ Variasie en mutasies
- ➔ Seleksie
- ➔ Genetiese modifikasie en ingenieurswese

Assessering

- ➔ Formele assesseringstake 25% **100 punte**
- ➔ Finale eksterne eksamen 75% **300 punte**

Gedurende die jaar moet jy verskillende formele assesseringstake voltooi. Alle assesseringstake is uiters belangrik en moet na die beste van jou vermoë voltooi word om sodoende 'n goeie jaarpunt te verseker.

Die volgende formele assesseringstake is verpligtend:

- ➔ Een praktiese ondersoek
- ➔ Een navorsingstaak
- ➔ Een kontroletoeets
- ➔ September eksamen. Hierdie eksamen bestaan uit twee vraestelle wat presies dieselfde Inhoudverspreiding en formaat as die finale eksamenvraestelle bevat.

Die eksterne eksamenvraestelle is soos volg gestruktureerd:

Vraestel 1: Dierestudies

- ➔ Diervoeding **50 punte**
- ➔ Diereproduksie, Bekerming en Beheer **50 punte**
- ➔ Dierereproduksie **50 punte**

Vraestel 2: Landboubestuur en Genetika

- ➔ Landboubemaking en -bestuur **150 punte**
- ➔ Produksiefaktore en Bestuur **50 punte**
- ➔ Basiese Landbougenetika **50 punte**

Wenke vir sukses

- ➔ Vra jou onderwyser vir die inhoudsraamwerk van graad 12. Plak dit in jou werkboek. Merk elke onderwerp af soos dit in die klas onderrig word en skryf die toepaslike handboekbladsynommer langs elke onderwerp neer.
- ➔ Maak seker dat jy die relevante en korrekte Landbouwetenskappe-inhoudsonderwerpe vir elk van die vraestelle voorberei.
- ➔ Berei jouself voor om grafieke te teken en te interpreteer, berekeninge te doen (bv. die koëffisiënt van verteerbaarheid of voedingsverhouding), gevallestudies en scenarios deeglik te lees, diagramme te interpreteer (ook die byskrifte) en om jou kennis toe te pas.
- ➔ Gebruik soveel moontlik ou Landbouwetenskappevraestelle om jou vir die eksamen voor te berei.

